



Entrepreneurs van Hoop sien Geleenthede

Wat is 'n "Entrepreneur van Hoop?"

Die idee van 'n Entrepreneur is 'n analogie vir ons roeping as gelowiges in ons dorp, land en wêreld in 2020:

- Entrepreneurs van Hoop word juis wakker wanneer daar moeilikheid is en wanneer optimisme taan. In 2020 gaan ons saam soek na die gapings vir die Koninkryk van God – nuwe skuiwe, nuwe geleenthede.
- Entrepreneurs van Hoop het fyn aanvoeling vir die nood rondom hulle, maar ook 'n helder visie van die oplossing, want hulle is in voeling met die Bron.
- Entrepreneurs van Hoop soek en skep die kanale waardeur nood en oplossing, geleentheid en die liefde bymekaar kan uitkom. Dit is die grootste gawe wat Entrepreneurs van Hoop het, naamlik om nie net te sien nie, maar te doen.
- Entrepreneurs van Hoop het die vermetelheid om te bly hoop waar ander al die aftog geblaas het. Hardnekkig vol te hou dat God met ons besig is en dat ons maar net moet probeer agterkom waar en hoe Hy werk en Hom dan daarin moet volg.

Jeremia as 'n Entrepreneur van Hoop

- Die jaar was 587 v.C. Elf jaar tevore het Babiloniese leërs die stad Jerusalem ingeneem en al die Joodse leier in ballingskap weggevoer. Die volk wat agtergebly het wou die Babiloniese juk afgooi en het met Egipte probeer saamsweer. Maar die Babiloniërs het fel gereageer, die Egiptenare het die aftog geblaas en Juda was militêr magteloos teen die Babiloniërs. Binne enkele dae sou die stad geplunder word en almal sou in gevangenskap weggevoer word na Babilon. Alle hoop was daarmee heen.
- Die profeet Jeremia sit in hierdie tyd in die tronk. Hy is aangekla dat hy die koning verrai het, bloot omdat hy die waarheid teenoor koning Sedekia geuiter het dat die volk weggevoer gaan word en Sedekia gaan aan Babilon onderworpe wees.
- In hierdie tyd besoek Jeremia se neef Ganamel hom en bied vir hom 'n stuk familiegroond aan in sy tuisdorp Anatot, 5 km van Jerusalem. Skeer hy gek met Jeremia? In Anatot is die Babiloniese leërkampe al opgeslaan. Jeremia sit in die tronk met geen vooruitsig om vrygelaat te

word nie. Die vyand gaan Jerusalem vernietig en die volk wegvoer. Sy grond in Anatot sal Jeremia waarskynlik nooit sien nie en nooit daarop 'n boom plant of 'n huis bou nie.

Wie nie rekening hou met God nie, is nie realisties nie

- As daar nou een ding is wat ons moet sê oor wat Jeremia hier doen is dat dit “onprakties” is – ander woorde daarvoor is onrealisties, onsinnig, onlogies of sommer net gek. Maar Jeremia se siening was dat God die belangrikste en groter Realiteit is en dat 'n mens dus net “realisties” en “prakties” is, as jy met God se Realiteit rekening hou.
- Nie dat dit vir Jeremia maklik kom nie. Dit verg ernstige gesprek met God voordat Jeremia insien wat God hier aan die doen is. Hy is besig om die stuk grond te gebruik om sy beloftes te vervul. Dis 'n kragtige simboliese daad om te wys hoe lyk 'n belegging in God se toekoms. Sonder verdere huiwering weeg Jeremia 200 gram silwer af, teken die kontrak en 'n stuk grond, waardeloos in ander se oë, maar 'n skat vanuit die perspektief van God se toekoms, is syne. Geen makelaar sou hom dit adviseer nie. Maar sy Makelaar is God.

Entrepreneurs van Hoop sien 'n groter Realiteit

- Wat ons “hoop” noem, is partykeer net wensdenkery. Ons wil almal graag onmoontlike dinge hê, maar sal nou nie gaan investeer daarin as ek weet dit gaan tog nie gebeur nie.
- Hierdie hoop gaan leen by God se toekoms. Dis daad van verbintenis wat

monumente oprig om almal te herinner dat God die groter Realiteit is en dat Hy sy werk sal doen, soos Hy beloop.

- Dis natuurlik makliker om in wanhoop te gaan lê, want dan hoef jy niks te doen nie, niks te waag nie, niks te verwag nie. Maar dis onprakties en onrealisties, want dit hou nie rekening met God se Realiteit nie.
- Dis nie maklik om daad van hoop te pleeg wanneer die tekens en bewyse om jou die teendeel aandui nie. Dit verg moed om op grond van hoop op te tree, maar dis op die ou end die enigste realistiese, praktiese daad omdat dit met God rekening hou.
- Martin Luther is bekend vir sy uitspraak dat as hy sou weet dat die Wederkoms die volgende dag sou wees, sou hy vandag nog 'n appelboom plant. Jeremia koop grond. Luther plant appelbome. En jy?



*Hope is hearing the melody of the future.
Faith is to dance to it. Ruben Alves*

